HOËRSKOOL PORTERVILLE

Posbus 22
6810
Tel: (022) 931 2174
Faks: (022) 931 3321
e-pos: sekretaresse@porterhs.co.za

Gestig 1870

18 Maart 2020

Kwartaalbrief 1/2020

Geagte Ouers

Coronavirus 19 Situasie

Ons is dankbaar vir die voorkomende maatreëls wat ons regering in plek gestel het. Dit het egter verrykende gevolge op veral ons Akademie sowel as die skool se beplanningskalender. Die Maart Toetsreeks kon nie voltooi word nie, dus sal geen Gr 1-12 rapporte uitgegee word hierdie kwartaal nie.

Die skool sal weer open op Dinsdag, 14 April 2020. Die voltooiing van die Toetsreeks is ons eerste prioriteit. Dié toetse wat dus hierdie week geskryf sou word, word dan op 15, 16 en 17 April 2020 geskryf. Presies in dieselfde volgorde as wat dit op die Maart Toetsrooster verskyn. Rapporte sal op Vrydag, 24 April uitgegee word.

Maart 2020 Toetsrooster: GRAAD 7-12

DATUM	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12
Wo-dag 15/4	Gesk Kk 4	Wisk 8A Kk 1 8B Kk 2	Aard 9A Kk 5 9B Kk 3	Wisk Wisk Gelet **10A Kk 7 10B Kk 6**	Wiskunde Ondersoek **11A Kk 13 11B Kk 10**	Eng **12A Kk 9 12B Kk 8**
Do-dag 16/4	NW Kk 4	LO 8A Kk 1 8B Kk 2	Wisk 9A Kk 5 9B Kk 3	RTT **10A Kk 7 10B Kk 6**	Wisk Wisk Gelet **11A Kk 13 11B Kk 10**	Afr **12A Kk 9 12B Kk 8**
Vr-dag 17/4	Teg Kk 4	Aard 8A Kk 1 8B Kk 2	Eng 9A Kk 5 9B Kk 3	FW/Toe/LTeg **10A Kk 7 10B Kk 6**	Rek/VBS/Geo/LBP **11A Kk 13 11B Kk 10**	Wisk Wisk Gelet **12A Kk 9 12B Kk 8**

Die Revue sal verskuif word. Die skool wag nog vir amptelike kennisgewing vanaf WKOD rakende die verkorting van die Junievakansie met een week. Ons beplanning word beïnvloed deur by watter kwartaal die week bygelas gaan word.

1. BEDANKING

Weereens baie dankie aan so baie van u wat op 'n onbaatsugtige wyse by die skool betrokke is. U hulp word raakgesien en opreg waardeer. Ons wil veral dankie sê aan ouers wat hierdie kwartaal betrokke was by die:

- sportkafee's
- atletiekafrigting
- rugby- en netbalafrigting
- beamptes by atletiekbyeenkomste
- borgskappe, donasies en fondsinsamelings
- toesig by klasse en sokkies
- bederf van personeel

Ons konvenors was weereens staatmakers. Dankie aan **Wilna Liebenberg** en ons konvenors wat sorg dat ons kombuis vol flukse mammas en pappas is om ook daar hul deel te doen! Hulle is:

Philippa Olivier	**Marni Redelinghuys**	**Heini Redelinghuys**
Lindy van Schalkwyk	**Luzaan Hough**	**Salome Jordaan**
Theresa de Beer	**Monique Allies**	**Cornette Liebenberg**
Minette Burger	**Jessie Liebenberg**	**Marietjie Valentine**
Lariska Verster	**Sanet Kleynhaus**	**Dashielle Scholtz**

Die skool het dit goed gedink om 'n ouerlys saam te stel vir bereidheid tot betrokkenheid by skoolaangeleenthede. Die skool nooi alle ouers om hulle name op die lys te kom plaas. Die ouerlys is beskikbaar by Elna Lombard (Ontvangs).

2. VOORLOPIGE SKOOLTYE VIR DIE TWEEDE KWARTAAL

Skool heropen	:	Dinsdag, 14 April
Graad 1	:	07:15 - 13:30
Graad 2 - 12	:	07:15 - 14:15

Let wel: Die skool begin met Dinsdag se rooster.

3. NUWE PERSONEEL

Me Lize Simon (Afrikaans Gr. 10-12) en Me Ninien Breytenbach (Engels Gr. 7-9) het in Januarie by ons ingeskakel.

4. A-KANDIDATE / PRESTASIES – NSS-EKSAMEN 2019

Anlu Behm (82.86%), Rohan Knoetzen (84.86%), Mariechen van Baalen (85%), Andrea Bester (86.71%), Petro Janse van Rensburg (87.14%).

5. LEERDERBYWONINGSBELEID

Ons bring net weer die leerderbywoningsbeleid onder u aandag: Indien 'n leerder 10 (tien) dae aaneenlopend afwesig is, daar kontak met die ouers beding is, en daar geen rede of versoening aangebied word nie, sal so 'n leerder onmiddellik vanaf SOBIS verwyder moet word. So 'n leerder sal dan heraansoek moet doen om toelating tot die skool.

6. OUERAAND

Die oueraand sal aan ouers gekommunikeer word sodra die skole weer heropen.